



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIE- EN TEGNOLOGIE-BELEID OOR BILLIKE GEBRUIK

Verwysingsnommer	5P_5.8_A
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunk-visekanselier: Inligtingstegnologie
Beleideienaar	Hoofdirekteur: Inligtingstegnologie
Verantwoordelike afdeling	Inligtingstegnologie
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	17 Maart 2022
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	Maart 2027

INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIE-TEGNOLOGIE-BELEID OOR BILLIKE GEBRUIK

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid aanvaar om 'n raamwerk daar te stel vir die verantwoordelike bestuur van Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT).

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000 (WBTI);
- 1.4 Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002 (WEKT);
- 1.5 Wet op die Regulering van Onderskepping van Kommunikasie en die Voorsiening van Kommunikasieverwante Inligting, 70 van 2002 ("RICA");
- 1.6 Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (WBPI)
- 1.7 Internasionale Praktykkode vir Inligtingsekuriteitsbestuur (ISO 27002);
- 1.8 Europese Unie-direktief oor Privaatheid en Elektroniese Kommunikasie (EU-direktief);
- 1.9 Alle ander wetgewing en internasionale instrumente m.b.t. IKT;
- 1.10 Regulasies vir Verslagdoening deur Openbare Hoëronderwysinstansies uitgereik ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997;
- 1.11 Statuut van die Noordwes-Universiteit;
- 1.12 Alle verwante inligtings- en tegnologieverwante beleide soos omskryf in die NWU se Inligtingsbestuursraamwerk.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid en vir die doeleindes van die korporatiewe en gewone bestuur, bedryf en gebruik van IKT aan die NWU –

beteken **"IKT"** inligtings- en kommunikasietegnologie, en waar dit deur die konteks aangedui word, verwys dit na die NWU se departement inligtings- en kommunikasietegnologie;

beteken **"IKT-argitektuur"** 'n geïntegreerde stel tegniese IKT-keuses wat uitgeoefen word om leiding te gee aan die Universiteit m.b.t. die bevrediging van kernbehoefes en -vereistes;

sluit **"IKT-fasiliteite"** die volgende in –

- IKT-hardeware wat deur die universiteit verskaf word, soos rekenaars, skootrekenaars, tablette, slimfone en drukkers, alle elektroniese, oudiovisuele, brandverklikkings- en ander sekuriteits- of fasiliteitebeheer-infrastruktuur en verwante tegnologieë, sagteware, data en gemagtigde toegang tot hierdie stelsels;
- sagteware wat deur die universiteit verskaf word, insluitende bedryfstelsels, kantoortoepassingsagteware, webblaaiers en spesiale aanbiedings vir werknemers en studente op kommersiële toepassingspakkette;

- data wat deur die universiteit verskaf word, of waarvoor toegang deur die universiteit gereël word, insluitende aanlyn joernale, datastelle en aanhalingsdatabasisse;
- toegang tot die netwerk wat deur die NWU verskaf of gereël word, insluitende netwerkkonneksies in koshuise, kampus-Wi-Fi en internetkonnektiwiteit vanaf universiteitsrekenaars;
- aanlyn dienste wat deur die NWU gereël word, insluitende Office 365 en Google Apps; en
- IKT-inligting insluitende gebruikers se NWU-aantekenbesonderhede en e-posadresse, slimkaarte, Eduroam-toegang en dongels uitgereik deur die Universiteit om gebruikers te identifiseer wanneer daar van IKT-fasiliteite gebruik gemaak word;

beteken “**IKT-infrastruktuur**” al die onderliggende tegnologie wat die IKT laat funksioneer, insluitende bedieners, die netwerk, persoonlike rekenaars, drukkers, bedryfstelsels, databasisse en alle ander hardeware en sagteware wat nodig is om die betroubare, doeltreffende en veilige lewering van dienste te verseker;

beteken “**UBK**” die Universiteitsbestuurskomitee; en

beteken “**gebruiker**” enigiemand wat die IKT-fasiliteite van die NWU gebruik, met inbegrip van studente, werknemers, besoekers aan die NWU se webwerf, enigiemand wat van die NWU se aanlyn dienste gebruik maak, eksterne vennote, kontrakteurs en agente wat die NWU se netwerk gebruik terwyl hulle op ’n kampus is, of die NWU se stelsels gebruik terwyl hulle nie op ’n kampus is nie, huurders van die NWU wat rekenaars, bedieners of die netwerk van die NWU gebruik, besoekers wat die NWU se Wi-Fi gebruik en enigiemand van ’n ander instansie wat via Eduroam aanteken.

3 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU dat –

- 3.1 IKT-besluite wat deur enige komponent van die universiteit geneem word slegs binne die gevestigde stel standaard, argitekture en infrastruktuur geneem mag word, met inagneming van –
 - die verweefde aard van IKT;
 - die feit dat die meeste IKT-besluite universiteitswye implikasies het;
 - die noodsaaklikheid om kostedoeltreffende bedrywighede moontlik te maak en om risiko te bestuur; en
 - die feit dat plaaslike besluite in beginsel uit die hulpbronne van die betrokke komponent befonds moet word;
- 3.2 die universiteit se IKT-fasiliteite op ’n veilige, wettige en billike wyse gebruik moet word; en
- 3.3 die universiteit se IKT-fasiliteite beskikbaar gestel word aan gebruikers om die verwesenliking van die NWU se missie te bevorder.

4 Monitering

- 4.1 Die IKT-afdeling mag, onderhewig aan die toepaslike wetlike beperkings, die gebruik van die universiteit se IKT-fasiliteite moniteer en opneem vir die doeleindes van –
 - die opsporing, ondersoek of voorkoming van misbruik van die fasiliteite, of oortredings van reëls en/of beleide van die universiteit;
 - die versekering van die doeltreffende funksionering van die fasiliteite; en
 - die effektiewe en doeltreffende beplanning en bedryf van die fasiliteite.
- 4.2 Die IKT-afdeling kan, in oorleg met die registrateur, inligting oor die oortreding van reëls of die wet aan toepaslike wetstoepassingsagentskappe of enige ander organisasie wie se regulasies deur ’n gebruiker oortree is, verskaf.

5 Riglyne oor billike gebruik

- 5.1 Die Hoofdirekteur: Inligtingstegnologie kan, onderhewig aan die goedkeuring van die Adjunk-visekanselier: Kampusbedrywighede en Inligtingstegnologie, riglyne vir die billike gebruik van die NWU se IKT-fasiliteite voorskryf en toepas en moet toesien dat die riglyne aanlyn toeganklik is vir alle gebruikers.
- 5.2 Ten einde te verseker dat die universiteit se IKT-fasiliteite op ’n veilige, wettige en billike wyse gebruik word, geld die riglyne vir billike gebruik vir enigiemand wat van daardie fasiliteite gebruik maak,

insluitend hardeware, sagteware, data, netwerktoegang, derdepartydienste, aanlyndienste en IKT-inligting.

6 Rolle en verantwoordelikhede

- 6.1 Die vraag na IKT-goedere word op 'n gesentraliseerde grondslag bestuur deur die Hoofdirekteur: Inligtingstegnologie, met die nodige inagneming van algemene en tegniese standarde en riglyne wat deur die IKT-afdeling gestel word, asook van begrotingsbeperkings.
- 6.2 Die finale besluit ten opsigte van die vereistes van IKT-goedere word binne elke IKT-afdeling geneem, met inagneming van hul spesifieke verantwoordelikeidsfeer, behoudens institusionele standarde en riglyne wat deur die betrokke IKT-afdeling gestel word.